

26 Oktober

Psalm 90

(Teks: Spreuke 16:31)

Die rykdom van rypword-jare

Kan u dit ook in u oudag sê? Dit is nie so maklik om God se hand ook in dié fase van ons lewe raak te sien nie. U dra dalk nog onder 'n swaar vrag van herinneringe wat u ver laat teruggryp in die verlede. Dan voel die hede leeg en sonder bevrediging. Elkeen van ons hou om een of ander rede vas aan gister:

- Daar waar ons ons kosbaarste langs die lewenspad verloor het;
- Daar waar ons lewensideale met die jare weggesyfer het in die sand;
- Daar waar lewensfoute my steeds herinner aan sondes en verkeerdhede.

Sekerlik hou die ouderdom sy talle gebreke, frustrasies en onaangename ontdekkings in. God wil egter dat ons hierdie tyd van ons lewe saam met Hom moet belewe. Dit is 'n tyd waarin Hy ons wil toerus met die adel van ouderdom; met lewenswysheid, waardigheid en rustigheid. U ontvang hierdie sierlike kroon as u begin, of soos altyd daarin volhard om reg voor God te lewe:

- U dra daardie kroon as u u lewenswysheid op die waarheid van die Woord gebou het; u sekerheid en kalmte uit God se beloftes geput het; u vasgehou het aan God se genade ondanks al ons sondes.

Dan is die ouderdom nie 'n foltering nie, maar 'n kroon op u hoof wat niemand van u kan wegvat nie.

Sing Psalm 90:1 en 9

Dr. J.L. Venter (Pretoria-Annlin)